DEEL 117 | WEEK 23 | 6 JUNIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Watertoevoer na Heilbron onderbreek

## *Rand Water bevestig herstelwerk vanaf 30 Mei tot 14 Junie*

Inwoners van Heilbron was verlede week in kennis gestel dat Rand Water, met dringende instandhoudingswerk aan die Sasolburg-reservoir sal besig wees, en dat die hoof watervoorsieningslyn beïnvloed sal word wat aan verskeie munisipaliteite bedien. Hierdie geskeduleerde werk, wat op Donderdag 30 Mei 2025 afgeskop het, sal na verwagting tot en met Sondag, 14 Junie 2025 duur.
Rand Water het verduidelik dat die werk noodsaaklik is om die betroubaarheid van waterlewering in die streek te verseker. Volgens die maatskappy behels die herstelwerk opgraderings aan pompe en pype wat al geruime tyd probleme ondervind. Inwoners van Heilbron is spesifiek gewaarsku dat hul watertoevoer tydens hierdie tydperk onderbreek sal wees. Die inlaatklep van die reservoir is reeds op 30 Mei suksesvol geïsoleer, en die dreineringsfase is betyds teen die oggend van 1 Junie voltooi. Die skoonmaak en inspeksie van die reservoir is deel van 'n gesamentlike poging deur Rand Water en die munisipaliteite van Emfuleni, Metsimaholo en Ngwathe om die betroubaarheid en veiligheid van die waterinfrastruktuur te verseker. Die munisipaliteit het egter verseker dat daar voorsiening gemaak sal word vir alternatiewe oplossings, soos watertrokke wat gemeenskappe van water voorsien.
Nietemin het sommige inwoners, veral op sosiale media, hul frustrasie uitgespreek oor die gebrek aan tydige en voldoende voorafkommunikasie. Vrae is ook geopper oor die moontlike verlenging van die hersteltydperk. In reaksie op die krisis het die Iceberg Truck Stop in 'n gemeenskaps-gebaar aangekondig dat gesinne tydens die onderbreking tot 100 liter gratis water per dag by hul fasiliteit kan tap. Volgens 'n inwoner van Sandersville voorsien 'n watertrok tans elke tweede dag water aan die gemeenskap, hoewel daar nog geen amptelike skedule van die diens gepubliseer is nie.
Rand Water het sy verbintenis tot deursigtige en proaktiewe kommunikasie herbevestig en versoek dat inwoners geduldig bly en water spaarsamig gebruik tydens hierdie tyd van onderhoud. Munisipaliteite is versoek om hul inwoners betyds op hoogte te hou van enige veranderinge of onderbrekings in watervoorsiening.
Die groot vraag bly egter met 16 dae van droë krane, gaan die munisipaliteit uiteindelik die lekkende pype in die dorp wat almal gedurig rapporteer herstel, of sal daar verskonings opduik soos hulle is nie seker waar al die lekke in die dorp is nie?










# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum




## Uit die Pen:



Week 23

Ek wens ek het geweet presies hòè kompetisies werk. Jy skryf in, dalk wen jy, dalk nie. Ek weet nie of daar iewers ’n grootbaas sit en elke inskrywing bekyk nie. Dalk is dit regtig net “toevallig” dat iemand jou naam trek.

En dan iemand jou naam tussen honderde (of duisende) ander name trek. Ek meen: wat is die kans?

My heel eerste herinnering van ’n kompetisie is in laerskool. Ek kan nie eers onthou wat ek moes doen nie, maar ek weet darem dat dit by die skool se basaar was. Ja, daardie dae het almal ’n basaar of ’n koekverkoping gehou. Kerk, Skool, VLU, VVO / OVV?. Noem maar op.

Soms is daar sommer ’n paar tafels op die sypaadjie staangemaak, en dan is die lekkerste gebak verkoop. Jou mond het gewater van die lekkernye. Veral as die kerktannies pannekoek of jafels sommer so op die sypaadjie bak. (die Afrikaanse term, so word beweer, is “knypbroodjie”, maar as dit soet is, word dit ’n “knypkoekie” genoem. Afrikaans, jou lekker ding!) Die pannekoek en jafels het jou van ver af al gelok.

Terug by die basaar. Ek het ’n blou koek gewen. Ek weet glad nie hoe ek dit reggekry het nie. Ek dink amper dat die koek twee vreeslike dik lae gehad het. Ek was so bly oor die blou koek, want blou was in daardie jare my gunsteling kleur.

Ons het ook ’n blou kar gehad. ’n Peugeot 404. Liederlik lelik. Ek kan onthou dat ek en my sussie plat gelê het sodat niemand ons in die kar kon sien nie. Maar dit was ons s’n en klaar betaal.

Iedergeval. So wen ek die koek. Ek dra die blou koek na die blou kar toe. My ma vat die koek by my sodat ek kan inklim. Sy moet eers in haar handsak vroetel vir die sleutel, en sy sit die blou koek op die blou Peugeot se dak neer. Ma en sussie klim in, ek ook. Ek wil bars van trots oor die blou koek.

Ma trek weg (soos gewoonlik met ’n gespin van wiele, sy kon daardie Peugeot tràp!). Ek kyk by die agterste venster uit. Ek skree: “My koek! My koek!”

Al wat ek sien is hoe die blou koek deur die lug trek, op die teerpad land en die volgende motor dit plat ry. My ma het dit op die dak vergeet. Ek huil ’n bietjie, maar voel later beter.

Ek het ten minste ’n koek gewen, kon ek vertel. Daar was ander kompetisies ook. Kleintyd was daar Jongspanateljee oor die radio. Elke Donderdag, as ek reg onthou, was daar ’n wetenskaplike insetsel: “Hoekom is die hemel blou?” waar allerhande vrae beantwoord is. As ek reg onthou, was dit Prof Kristo Pienaar wat dit aangebied het. Ek dink dit is daar waar ek my liefde vir wetenskappe geleer het.

Hulle het dan, aan die einde van die insetsel, ’n kompetisie gehad waar jy die reuse bedrag van R5 kon wen. Ek het baie inskrywings gestuur: daardie jare nog agterop ’n toegeplakte koevert of ’n poskaart. Ek het baie vyfrande so bymekaar gemaak. Hulle het dit sommer in ’n koevert aan jou gepos. Die Poskantoor was nog in daardie jare ’n diensverskaffer van formaat. Later het ek my hand aan Noot-vir-Noot gewaag (toemaar, dit was honderde jare gelede) en so drie jaar gelede by Wie Word ’n Miljoenêr. En nee, ek het nie ’n miljoenêr geword nie. Ek het darem ’n geldjie huis toe kon bring.

Af en toe skryf ek vir ander kompetisies in, of selfs waar jy kaartjies moet koop en deel word van ’n gelukspluk (mooi woord vir ’n *lucky draw)*. Ek het ’n pragtige slaaibordstel van Arzberg gewen, en so paar jaar gelede ’n hele reeks haarprodukte.

Onlangs het ek kaartjies gekoop vir ’n jagkompetisie, waarvan julle almal seker bewus is. Ook so vir ’n Alzheimervereniging. Ek dink mens gaan kyk of dit ’n verdienstelike organisasie is voordat jy geld spandeer op ’n kaartjie of twee.

My boetie het seker so twaalf jaar gelede ’n kar gewen by Beeld se kinderfonds. Maar hy benader kompetisies op ’n Wiskundige manier wat my verstand nie lekker kan verstaan nie.

Ek wens ek het geweet wat die die trekpleister na kompetisies is? Dalk die misterie van ’n onverwagte meevaller. Of die afwagting. Die opgewonde onbekende.

Wanneer ek inskryf vir ’n kompetisie, vergeet ek gewoonlik daarvan. As iemand my kontak, is ek bly daaroor. Indien nie, maak dit ook nie saak nie. Ek het wel agtergekom dat jy niks kan wen as jy nie inskryf nie. Dis nogal belangrik.

Maar tye het verander: deesdae, wanneer jy vir ’n kompetisie inskryf, moet jy die maatskappy toestemming gee om jou te kontak. As jy nie toestemming gee nie, kan jy nie inskryf nie. En daarna het jy ’n hele *zoer e-posse*, WhatsApps en ander boodskappe wat allerhande *snert* aan jou probeer afsmeer. Dan neem dit weer klomp tyd in beslag om te *unsubscribe*. Veral ’n sekere Afrikaanse nuusplatform: as jy nie op “ja” kliek nie, word jou inskrywing nie aanvaar nie. Seker maar hulle goeie reg.

Ek dink nogsteeds dat die binnegoed van ’n kompetisie ’n misterie is. Meer inskrywings maak natuurlik jou kanse beter.

Ek sou graag eendag die donker dieptes van ’n kompetisie wil verken: hoeveel mense skryf in, kan hulle darem spel, is die antwoorde reg, dink ek hulle is verdienstelik (seker nie ’n objektiewe kriterium nie). Ek sou graag die een wou wees wat die wenner bel met die blye nuus.

Soos die persoon wat altyd gebid het dat hy die Lotto moet wen. Totdat hy die antwoord gekry het.

“Jy kan nie die Lotto wen as jy nie ’n kaartjie koop nie.”

As ek nou geweet het hòè om ’n lottokaartjie te koop.

# Hoërskool Heilbron spog met nuwe aanstellings

Hoërskool Heilbron staan aan die begin van 'n opwindende nuwe hoofstuk met die aankondiging van drie belangrike aanstellings wat vars energie en nuwe perspektiewe na die skool bring. Die skool verwelkom 'n nuwe Graad 1-juffrou, 'n nuwe HOD vir die intermediêre fase, en stel ook met trots die nuwe onderhoof aan.

Met die afskeid van Juffrou Annari van Dorssen, wat vir jare 'n steunpilaar van die Graad R-klas was, het die skool 'n nuwe gesig verwelkom- Juffrou Hilde Roos. Sy neem met entoesiasme die leisels van die Graad 1-klas oor en is reeds besig om haar merk te maak met haar vriendelike geaardheid en vars idees. Intussen is Juffrou Winnie hard aan die werk om die Graad R-leerders gereed te kry vir hul groot sprong na Graad 1 in 2026.

Die skool het ook 'n bekende en gerespekteerde gesig as nuwe HOD vir die intermediêre fase aangewys- Juffrou Tanya van Rooyen. Juffrou Tanya gee reeds al 'n hele paar jaar skool by Hoërskool Heilbron en is goed bekend vir haar sterk leierseienskappe en haar toewyding aan sport. Haar betrokkenheid en passie maak haar die perfekte kandidaat om die intermediêre fase na 'n hoër vlak van onderwys en prestasie te neem. Onder haar leiding word daar groot verwagtinge gekoester vir verdere groei en ontwikkeling in dié belangrike fase.

Na 'n lang tydperk is daar groot opgewondenheid oor die aanstelling van die nuwe onderhoof Mnr. Jan Brits. Mnr. Brits is in Bethal gebore en het in Bloemfontein studeer. Hy het in sy onderwysloopbaan skool gegee by Grey College Primêr en Fichardtpark Primêr. Voor hy by Hoërskool Heilbron aangesluit het, was hy verbonde aan Hentie Cilliers Hoërskool in Virginia.


*Tanya van Rooyen*

Hy bring nie net 'n liefde vir onderwys saam nie, maar ook 'n besondere kennis van rugby. Sy passie vir sport, gekombineer met sy dinamiese leierskapstyl en vars idees, maak hom 'n waardevolle aanwins vir Hoërskool Heilbron.

Met hierdie nuwe aanstellings lyk dit inderdaad of Hoërskool Heilbron nuwe bloed gekry het – leiers en opvoeders wat die skool se toekoms met ywer en visie tegemoet gaan. Die skoolgemeenskap sien uit daarna om saam met hierdie nuwe span 'n suksesvolle en inspirerende jaar aan te pak.













# ‘n Oggend van Liefde, Lag en Seëninge

## *Pienk Pinkie Tee 2025*

Op Vrydagoggend 30 Mei was Hoërskool Heilbron se saal gevul met warmte en liefde, toe die grondslagfase dogtertjies hul harte en kreatiwiteit in elke detail van die Pienk Pinkie tee uitgebeeld het. Met blink ogies en trots in hul stemme het hulle die mooiste tafeltjies gedek – elke plekkie met sorg gereedgemaak vir een van die belangrikste mense in hul lewe: hul mamma.

Die geleentheid was nie net ‘n visuele fees nie, maar ook ‘n viering van die kosbare band tussen ‘n ma en dogter. Die gaste is toegespreek deur die inspirerende spelterapeut, Annalize Naudé, van Frankfort wat gepraat het oor die belangrikheid van speel, tyd saam en emosionele konneksie in die vormingsjare van ‘n kind. Haar woorde het diep gespreek tot die harte van die mammas en hul klein dogtertjies.

Tydens die oggend het die ma’s en dogters met groot opgewondenheid saam badballe gemaak – ‘n prettige en kreatiewe aktiwiteit wat gesorg het vir ’n gelag, vreugde en samehorigheid. Daarna is saam gesmul aan heerlike sop en lekkernye wat die oomblik net nóg meer spesiaal gemaak het.

Maar die mooiste oomblik van die dag was toe elke mamma haar dogtertjie kon seën – ‘n sagte, stil en heilige tyd waarin liefde, hoop en moederlike woorde van bemoediging uitgespreek is. Trane het gevloei en harte is gevul met dankbaarheid.

Die Pienk Pinkie Tee was veel meer as net ‘n funksie. Dit was ‘n herinnering aan hoe belangrik die klein dinge is – ‘n koppie tee, ‘n drukkie, ‘n gebed – en die onbreekbare band tussen ‘n ma en haar dogter.














Huis Bron van Heil
Heilbron Tehuis vir Bejaardes

**VAKANTE BETREKKING**

**Bestuurder**

**Posvereistes:**


- Applikant moet oor ‘n minimum van Graad 12 beskik
- Tweetalig [Afrikaans en Engels]
- Geldige bestuurslisensie
- Toepaslike bestuursondervinding
- Kennis van vorige ondervinding van bejaardesorg en die bestuur van ‘n verpleegsorgeenheid met verpleegpersoneel sal u aansoek versterk.
- Toepaslike tersiêre kwalifikasie[s] sal sterk as aanbeveling dien
- Rekenaarvaardigheid is noodsaaklik
- Kennis van SAGE
- Kennis van arbeidsverhoudinge en toepassing van relevante wetgewing
- Goeie interpersoonlike en kommunikasie vaardighede.

**Pligte:**

- Die aangewese kandidaat sal regstreeks aan die Direksie rapporteer en verantwoordelik wees vir die oorhoofse bestuur van die wooneenhede vir 64 mense en die verpleegsorgeenheid vir 52 verswakte bejaardes.
- Verouderingsbestuur; Finansiële bestuur; Instandhoudingsbestuur; Inrigtingsorg; Menslike Hulpbronbestuur; Fondsinsameling; Administratiewe take.
- Bestuur van begrotings en bates

**Geskikte kandidate moet slegs hul CV stuur na:**
**E-pos: faniemalherbe84@gmail.com**
**Gebruik verwysing: Heilbron Bestuurder**
**Sluitingsdatum: 13 Junie 2025**

# Heilbron Brandvereniging



As jy nie lid van 'n Brandvereniging is nie stel die wet 'n vermoede daar dat die grondeienaar nalatig opgetree het en die bewyslas sal op hom rus om die teendeel te bewys. Indien jy wel 'n opbetaalde lid van 'n Brandvereniging is, is jy vrygestel van die wetlike veriestes soos byvoorbeeld om rondom jou plaas 'n voorbrand te moet maak. Opbetaalde lede moet wel voldoen aan die vereistes gestel deur die Brandvereniging. Die onus rus dus op die grondeienaar om sy ledegeld te betaal en lid van 'n Brandvereniging te wees. Die plig berus by die grondeienaar om versekeringsmaatskappye met volle bewys ten opsigte van plaas/plase in kennis te stel. By gebrek hieraan kan enige eise moontlik afgewys word. Hierdie inligting moet ook ooreenstem met die inligting by die Brandvereniging.

Indien jy van die Working on fire span wil gebruik maak moet jy 'n brandpermit by Paul Keogh bekom. Sy selnommer is 071 363 4129. Daarna moet jy vir Pieter Kemp kontak by selnommer 073 148 6245 om die span te bespreek.

Heilbron Brandvereniging fakture sal aan lede wat reeds hul aansoekvorm voltooi het uitgestuur word sodra die bankrekening goedgekeur is. Die aansoekvorms is verkrygbaar by Louise Snyman Rekenmeesters.

Alle lede moet asseblief toesien dat brandbestrydingstoerusting in werkende toestand is vir die brandseisoen.



*'n Paar van die aanwesiges by die Pinksterdiens. Agter vlnr ds Petrus Fouché, Duif Fouché, Suzy en Daniël Scholtz. Voor: Alberta Kühn en Nita Naudé.*

# Huppel Trippel vier Pinkster

Ds Petrus Fouché lei 'n reeks Pinkster-dienste by Huis Bron-van-Heil hierdie week. Die eerste diens in die reeks is goed bygewoon deur HT-lede asook vriende uit die gemeenskap. Die boodskap handel oor ons as Sy kinders se reaksie op die offer wat Hy vir ons Redding gebring het. Daar is heerlik saamgekuier na afloop van die verrigtinge; aangesien Huppel Trippel se bestuur gesorg het vir lekker tee en broodjies. Oor twee weke is dit die jaarlikse Sop en Sjerrie-oggend; met 'n paar Boereverneuker-stories wat sommer ook in die mengsel gegooi sal word as "speserye" vir die lekker. Kom kuier gerus saam!

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za





BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30
Saterdae: 09:00 - 12:00
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON





Since
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens vir die landbousektor
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
• GIF MENGTENKS
• SAADMENGERS
• STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
• SPIRAAL ROLLER
• STROPER SLUITPARTE
• VERVOERBANDE
• WAENS
• SPUITE
Cnc Plasma Snywerk:
• SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
• STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
• BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR
www.ej

2005

SWL. 8000 KG

## Herstelwerk:

- AGRI IMPLEMENTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK



## Trailers: ONDERDELE & SEILE

triangle

WEWELER

HENRED FRUEHAUF





## Bearings:

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SPROCKETS
- LASER SNY VAN AGRI-SPROCKETS



BEARINGS INTERNATIONAL

BMG

## Hidrolies:

- VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- SILINDERS
- MOTORS





## Cnc Laser Snywerk:

- SAGTE STAAL - SNY TOT 20MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 12MM DIKTE
- SNY MET 'N TOLERANSIE VAN ± 0.003 VAN 'N MM





n.co.za

# SAPD Women Launch New Women's Network with Inspiration and Celebration



This past Friday, the women of the South African Police Service SAPD) of Heilbron, officially aunched their Women's Network – a heartfelt and inspiring vent dedicated to uplifting and mpowering female officers.

The guest speaker, Mrs. eotlelo, delivered a powerful nd motivating speech that ncouraged each woman to lways be the best version of erself and to take pride and joy 1 her work. Her words deeply esonated with the audience, eaving many feeling empowered nd appreciated.

Each woman in attendance received a beautiful gift as a token of remembrance for the special occasion — a symbol of gratitude for their dedication and service. The gifts were handed out with care and appreciation by Chairperson Constable Masangane, adding a personal and meaningful touch to the celebration.

The launch of the Women's Network marked more than just the start of a new initiative; it was a celebration of unity, strength, and the important role women play within the SAPD. The event created an atmosphere of encouragement and solidarity, laying the foundation for a strong and supportive platform moving forward.


This inspiring day reminded every woman in uniform that she is valued, capable, and never alone.




# Hoërskool Heilbron wys waardering tydens Skoolhoofwaarderingsweek

Hoërskool Heilbron het hierdie week met opregte warmte en kreatiwiteit Skoolhoofwaarderingsweek gevier ter ere van hul toegewyde skoolhoof, mnr. Johnny van der Merwe.

Die Grondslagfase het hul waardering op 'n unieke en kleurvolle manier betoon. Elke leerder het hul hand geverf en dit op 'n groot canvas afgedruk. In die middel van hierdie spesiale kunswerk pronk mnr. Van der Merwe se handafdruk – 'n simbool van die liefde, leiding en ondersteuning wat hy daagliks aan die leerders bied. Om die geleentheid nóg meer besonders te maak, het mnr. Van der Merwe self ook vir die jong kinders 'n storie voorgelees – iets wat hulle opgewonde en met groot waardering ontvang het. Dit is duidelik dat daar groot waardering is vir die skoolhoof.







**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ANNUAL BUDGET 2025/26- 2027/28**

The **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2026** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the 2025/26 to 2027/28 Medium- term Revenue and Expenditure Framework.

**Table 1 Consolidated Overview of the 2025/26**

| R thousands | Actual Budget 2024/25 | Adjusted Budget 2024/25 | Budget Year 2025/26 | Budget Year 2026/27 | Budget Year 2027/28 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 1,044,363 | 1,055,299 | 1,975,771 | 2,138,913 | 2,182,021 |
| Total Operating Expenditure | 1,098,745 | 1,253,736 | 1,381,565 | 1,457,758 | 1,555,818 |
| **Surplus/(Deficit)** | **-54,381** | **-198,437** | **594,206** | **681,155** | **626,203** |
| Total Capital Revenue | 132,554 | 133,458 | 122,907 | 165,556 | 138,290 |
| Total Capital Expenditure | 139,254 | 146,458 | 171,207 | 209,185 | 183,020 |

Total Operating expenditure for the **2025/26** financial year amounts to **R1,4 billion**, the total Revenue amounting to **R2,1billion** and translates into a budgeted surplus of **R 594 million** The total Capital budget for 2025/26 financial year amount to **R171 million,** which **R123 million** grant is based DORA Bill and **R48 million** Internal Funding.

The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 30 May 2025, approved the Final Budget 2025/26 - 2027/28.

The copy of the draft budget is available on the municipal website. www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Dr T. Mothamaha**
Acting Municipal Manager

**Serame Phetoane**
Chief Financial Officer

# Nuwe windenergie-ontwikkelinge beplan vir Heilbron

Die installering van vier meteorologiese maste met die nuutste tegnologie tussen Heilbron en Petrus Steyn dui op die begin van die eerste fase van windplaasontwikkeling in die streek. Die maste, wat besit en gebou word deur hernubare energie-ontwikkelaar Red Cap Energy, is daarop gemik om belangrike winddata in te samel. Hierdie data sal lewensvatbaarheid  van die voorgestelde Riemland-windplaasprojek bevestig en die bepaling van die finale ontwerp sal daarvan afhanklik wees.

"Dit is 'n belangrike mylpaal in ons ontwikkelingsproses. Die installering van hierdie meteorologiese maste dui op die begin van ons siftings- en data-insamelingsfase, wat van kardinale belang is vir beide die toewysing van netwerkkapasiteit en toekomstige ontwikkelingsprosesse," sê Louwrens Kok, Grondregtebestuurder by Red Cap Energy. "Benewens die insameling van data, toon dit ons verbintenis tot die gebied en lê dit die grondslag vir daadwerklike bevordering en dryf van die projek na sy langtermyndoelwitte."

Die R8-miljoen data-insamelingsinisiatief dui op Red Cap se aktiewe teenwoordigheid in die streek, waar die maatskappy met grondeienaars saamwerk aan die ontwikkeling van die windplaas. Die omvattende data-insamelingsproses word verwag om minstens een jaar te duur, wat waardevolle insigte oor die windhulpbronne in die gebied sal verskaf.

"Ons sou nie die tyd of hulpbronne bestee het om hierdie maste op te rig as ons nie 'n positiewe uitsig oor die ontwikkeling van windplase in die streek gehad het nie. "Dit is goeie nuus vir almal wat betrokke is, want dit beteken dat vordering gemaak word en ons 'n belangrike stap vorentoe geneem het in die projek se ontwikkeling," sê Kok.

Die meteorologiese maste, wat toegerus is met hoë-tegnologie-instrumente om windspoed en ander atmosferiese toestande te meet, sal noodsaaklike data op die terrein insamel wat 'n vereiste is vir die toewysing van netwerkkapasiteit deur Eskom en deelname aan die Departement van Energie en Elektrisiteit se Hernubare Energie Onafhanklike Kragprodusent Aankoopprogram (REIPPPP).

Red Cap Energy is 'n leier in plaaslike hernubare energieontwikkeling, met oorvloedige ervaring in die ontwikkeling van windplase. Tot dusver het Red Cap Energy 191MW van geïnstalleerde windkrag ontwikkel, met 330MW tans in konstruksie, en het 1.5 gigawatt (GW) van windkrag volledig gemagtig, met 'n addisionele 2GW in verskeie fases van ontwikkeling. Vir meer inligting, besoek www.red-cap.co.za.

**Belangrike inligting vir plaaslike vlieëniers**

- Om maksimum sigbaarheid te verseker gedurende die dag en nag, is die maste gemerk met rooi en wit bande en toegerus met lugvaartligte.




- Merkersfere is ook langs die steunkabels geplaas. Hierdie is sigbaar van minstens 1000m uit die lug en 300m vanaf die grond.
- Die presiese koördinate van die meteorologiese maste is soos volg:
  - o Mas 1: 27°33'54.00"S, 28° 3'22.70"E
  - o Mas 2: 27°29'23.20"S, 28° 4'1.70"E
  - o Mas 3: 27°31'55.10"S, 27°55'43.10"E
  - o Mas 4: 27°21'3.18"S, 27°54'59.84"E

*Distributed by Be-cause Integrated Communications*
*Ciaran Maidwell*
*ciaran@be-cause.co.za*
*021 447 1082 / 072 693 9401*
*On behalf of: Red Cap Energy*

Ngwathe

**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)**

**ANNUAL BUDGET 2025/26- 2027/28**

The **Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2026** is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the 2025/26 to 2027/28 Medium- term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2025/26**

| R thousands | Actual Budget 2024/25 | Adjusted Budget 2024/25 | Budget Year 2025/26 | Budget Year 2026/27 | Budget Year 2027/28 |
|---|---|---|---|---|---|
| Total Operating Revenue | 1,044,363 | 1,055,299 | 1,975,771 | 2,138,913 | 2,182,021 |
| Total Operating Expenditure | 1,098,745 | 1,253,736 | 1,381,565 | 1,457,758 | 1,555,818 |
| Surplus/(Deficit) | -54,381 | -198,437 | 594,206 | 681,155 | 626,203 |
| Total Capital Revenue | 132,534 | 133,468 | 122,907 | 165,856 | 138,290 |
| Total Capital Expenditure | 130,254 | 148,498 | 171,207 | 209,165 | 183,030 |

Total Operating expenditure for the **2025/26** financial year amounts to **R1,4 billion**, the total Revenue amounting to **R2 billion** and translates into a budgeted surplus of **R 594 million**. The total Capital budget for 2025/26 financial year amount to **R171 million**, which **R123 million** grant is based DORA Bill and **R48 million** Internal Funding.

The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 30 May 2025, approved the Final Budget 2025/26 - 2027/28.

The copy of the draft budget is available on the municipal website. www.ngwathe.fs.gov.za

**Enquiries can be directed to:**

**Dr T. Mothamaha**
Acting Municipal Manager
[illegible]
Tel: 056 816 2700

**[illegible]**
Chief Financial Officer
[illegible]
Tel: 056 816 2700

# Buffels van Hoërskool Heilbron op pad na die Valke finaal!



Die Buffels van Hoërskool Heilbron, beter bekend as die O/11-rugbyspan, het hul indrukwekkende onoorwonne seisoen voortgesit met 'n merkwaardige oorwinning in die semi-finaal teen Republiek. Die jong span het Dinsdag met selfvertroue en spanwerk die wedstryd 22–7 gewen en hul plek in die finaal verseker.

Met elke wedstryd wys hierdie groep seuns dat hulle nie net talentvol is nie, maar ook vasberade en gedissiplineerd. Die Buffels het deur die seisoen gewys dat hulle 'n span is om mee rekening te hou, en hulle het nou hul rekord van onoorwonne wedstryde tot dusver behou.

Hoewel hul datum teen hul teenstander Handhawer nog bevestig moet word, is die opwinding onder spelers, afrigters en ondersteuners tasbaar. Die gemeenskap van Heilbron hou duimvas vir nog 'n oorwinning – en hopelik 'n kampioenstrofee!

Sterkte aan die Buffels – dié gemeenskap is trots op julle!

# Rugby seuns sê dankie



Die eerste span Rugby manne van Hoërskool Heilbron het Vrydag spesiale pette ontvang van Willie Erasmus van AFS Diesel. Hierdie gebaar is met groot dankbaarheid en trots ontvang deur die spelers, wat die pette met trots saam met hulle netjiese eerste span uniforms gedra het.

Die span wil graag hul opregte dank uitspreek aan Willie vir die borg van die pette. Hulle waardeer die ondersteuning en die vertroue wat hy en ander borge in hulle stel. Sulke bydraes maak 'n groot verskil en dien as motivering vir die spelers om hul beste te gee, elke keer as hulle die veld betree.

'n Hartlike dankie ook aan elke liewe borg wat in die span glo.

## Redenaars-uitnemendheid: Bronnies skitter!



*Elne du Plooy*



*Jacobus du Plooy*

Hoërskool Heilbron is ongelooflik trots op twee van hul redenaars, Elne en Jacobus du Plooy, wat onlangs hul talente ten toon gestel het tydens die semi-finale rondte van die ATKV Redenaarskompetisie in Bethlehem.

Jacobus, 'n graad 4-leerder, het uitgestyg bo talle deelnemers en 'n besonderse vyfde plek in die Vrystaat behaal in die afdeling vir graad 4–5 sprekers. Sy weldeurdagte toespraak en selfversekerde aanbieding het hom beslis laat uitstaan.

Elne, wat aan die graad 6–7 afdeling deelgeneem het, het almal verstom met haar uitsonderlike redenaarsvermoë en eerste plek in die Vrystaat ingepalm!

As gevolg van haar puik prestasie is Elne gekies om aan die Nasionale ATKV Redenaarskompetisie deel te neem wat op 5–6 Augustus by die ATKV Goudini Spa gehou sal word.

Hierdie prestasies getuig van harde werk, toewyding en 'n passie vir die kuns van praat. Die Bronnies-familie is ongelooflik trots op Elne en Jacobus – die raakpraters wat nie net hul skool , maar ook hul dorp met trots verteenwoordig!

Sterkte, Elne – ons hou duim vas vir jou by die nasionale rondte!







# KENNISGEWINGS

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **2443/2025**
Surname: **Brink**
First Names: **Andries**
Date of Birth: **1932-08-04**
ID Number: **320804 5031 081**
Last Address: **Huis Silwerjare, Retirement Home, 1 De Wet Street, Petrus Steyn, Free State Province**
Date of Death: **2025-02-24**
Master's Office: **Bloemfontein.**
Name of Executor or Authorised Agent: **Amanda Botha Attorneys**
Address of Executor or Authorised Agent: **804 Terblanche Street, Rietfontein, Pretoria, 0084**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**Advertiser Name: Amanda Botha Attorneys**
**Advertiser address: 804 Terblanche Street, Rietfontein, Pretoria, 0084**
**Advertiser E-Mail: amanda.botha@amandabotha.co.za**
**Date submitted: 2025-06-03**
**Advertiser Telephone: 082 775 7256**
**Publication in the Government Gazette on: 2025-06-06**

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van Sertifikaart van Eiendomsreg **TE 9691/1994** gepasseer deur Phiritona Dorpsraad ten gunste van **Andries Tladi Identeitsnommer 490806 5605 08 1 en Elizabeth Mnguni**
Gebore 28 Augustus 1949
ten aansien van sekere ERF 2121, PHIRITONA, DISTRIK HEILBRON PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 524 (VYF HONDERD VIER EN TWINTIG) vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: **Vrystaat** te **Bloemfontein** binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 27ste Mei 2025.
**Aansoeker:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**




## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **Guzana**
First names: **Sepho Stiefie**
Estate number: **8249/2023**
Identity/passport number: **530520 5371 089**
Date of death: **31/07/2023**
Last address: Erf 223 Mothebe Street, Kwakwatsi, Koppies, Province Free State
The FIRST AND FINAL Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 6 June 2025 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Koppies.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse: **Martha Boniswa Guzana**
Identity/Passport Number: **580512 0965 089**
Name and address of Executor or Authorised Agent:
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE,**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/05/27**

---

*Form J187*

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.
**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 002771/2024
**Surname:** Le Roux
**First Names:** Fransiska
**ID Number:** 331116 0039 085
**Last Address:** Huis Silwerjare, Retirement Home, 1 De Wet Street, Petrus Steyn, Free State Province
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Petrus Steyn
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Amanda Botha Attorneys
**Advertiser Address:** P.O. Box 9639, Pretoria, 0001
**Advertiser E-mail:** amanda.botha@amandabotha.co.za
**Date submitted: 2025-06-03**
**Tel:** 082 775 7256
**Publication in the Government Gazette on:** 2025-06-06

# SMALLS




## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za




## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!



HERALD Sport

# Heilbron maak sterk indruk by IRONMAN 70.3

## *Durban 2025*

Heilbron bly sy merk maak in die wêreld van *triathlon* met twee van sy toegewyde atlete, Danie van Stryp en Neels Claasen, wat by die onlangse IRONMAN 70.3 Durban 2025-kompetisie presteer het.

Danie van Stryp, wat in die baie mededingende M25-29 ouderdomsgroep meegeding het, het 'n indrukwekkende 6de plek uit 164 deelnemers behaal, met 'n tyd van 4 uur, 33 minute en 33 sekondes. Sy pas van 04:10 minute per kilometer het hom die 26ste plek gegee onder die 912 manlike deelnemers en 26ste plek uit 1 282 algehele uitslae — 'n merkwaardige prestasie wat sy groei en toewyding aan die sport onderstreep.

Neels Claasen het ook Heilbron met trots verteenwoordig in die M30-34-kategorie. Neels het die moeilike wedloop voltooi in 5 uur, 40 minute en 42 sekondes, wat hom 'n 50ste plek uit 127 in sy ouderdomsgroep besorg het. Onder die 912 manlike atlete het hy die 322ste plek behaal en 391ste algeheel, wat sy uithouvermoë en deursettingsvermoë in 'n uitdagende veld beklemtoon.

Heilbron se teenwoordigheid by IRONMAN-wedstryde is nie nuut nie. Oor die jare het talle atlete van Heilbron deelgeneem en goed gevaar in *triathlons*, plaaslik sowel as nasionaal. Hul betrokkenheid het nie net Heilbron se profiel in uithouvermoë-sport verhoog nie, maar het ook baie jong atlete in die streek geïnspireer om hierdie veeleisende uitdagings aan te pak. Die prestasies van Danie van Stryp en Neels Claasen by die IRONMAN 70.3 Durban is 'n bewys van hul toewyding. Hul prestasies bou voort op die dorp se trotse tradisie van uitnemendheid in uithouvermoë-sport en lê die grondslag vir toekomstige generasies om te volg.




*Op die foto Neels Claasen.*




BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 9 JUNIE 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 10 JUNIE 2025**

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandre Moll 082 307 9169

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

**WOENSDAG - 11 JUNIE 2025**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

**DONDERDAG - 12 JUNIE 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

VREDE DISTRIK: SYFERFONTEIN BONSMARAS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Goodlands
Kontak Paul Roos 072 508 3409

**VRYDAG - 13 JUNIE 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

